# 'N POIMENETIESE ONDERSOEK NA 'N BASISTEORIE VIR DIE PASTORAAT AAN OKKULTGEKWELDES

J Janse van Rensburg &
J H J Cilliers[1]

## SUMMARY

This article, written from a reformed diaconiological point of departure, tries to make a contribution towards the pastoral care of people trafficking in the occult. A theoretical basis for further research is established by usage of the methodological model of Rolf Zerfass. According to this approach there is a healthy interaction between theory and praxis. In this research use is made of the relevant poimenetical literature to identify certain theological principles which could be helpful in developing a basis theory for the pastoral care and counselling to occultly plagued persons. Secondary to these principles, the relevant literature concerning pastoral care to occultly plagued people are examined. These principles are compared and tested against the results of an empirical study conducted in conjunction with the Sociology Department at UOFS. A theoretical basis concerning the poimenetical investigation is established and certain practical-theoretical suggestions are made for further research.

## 1. PROBLEEMSTELLING

Daar is huidiglik by leraars en lidmate vanuit gereformeerde kringe baie verwarring rondom die onderwerp van okkultgekweldheid. Daar bestaan nie genoeg literatuur wat al die aspekte en probleme rondom die onderwerp voldoende vanuit 'n gereformeerde perspektief benader nie. Die resultaat van hierdie leemte is dat die charismatiese paradigma al hoe meer veld wen en selfs invloed op leraars van 'n gereformeerde belydenis uitoefen. Allerlei wanpraktyke ontstaan hieruit, wat die karakter van die gereformeerde ampsbediening ernstig in die gedrang bring. Voorbeelde hiervan is die volgende: "bevryding" word as 'n kitsoplossing vir allerlei probleme beskou; daar is 'n preokkupasie met Satan en 'n oorskatting

1 Dr J. Janse van Rensburg, Dept Diakoniologie, Posbus 339, U.O.V.S., Bloemfontein & Prop J H J Cilliers, Ned. Geref. Kerk Andrew Murray, Bloemfontein.

van sy mag; 'n bedenklike Skrifgebruik word aangewend om aan hierdie bedieningstyl 'n teologiese basis te verleen en onaanvaarbare "formules" en tegnieke word in die proses van so 'n bevrydingsbediening gebruik. 'n Gereformeerde bediening kan nie met dergelike praktyke versoen word nie. Daarom word gepoog om 'n model te postuleer wat met 'n gereformeerde bediening versoenbaar is.

## 2. NAVORSINGSHIPOTESES

Die navorsing word deur die volgende hipoteses gerig:

2.1 Die pastor het nie 'n besondere gawe nodig om okkulties-gekwelde persone pastoraal te begelei nie.

2.2 Bevryding vind in die konteks van die gemeente plaas en is deel van 'n langtermyn pastorale begeleiding.

## 3. METODOLOGIE

Die navorsing het ten doel om aan die hand van verskillende poimenetiese modelle 'n evaluering van die sogenoemde "bedienings van bevryding" te maak en deur 'n kritiese ontleding van die charismaties-georiënteerde metodologie 'n eiesoortige gereformeerde benadering daar te stel. Zerfass (1974: 164-166) se model vir basisteoretiese vorming word as vertrekpunt gebruik om aan die hand van 'n interaksie tussen teorie en praktyk tot voorstelle vir 'n basisteorie te kom. Die vernaamste poimenetiese modelle word in die proses van teorievorming gebruik om relevante pastorale beginsels te isoleer en dit in die basisteoretiese vorming te positiveer. As sekondêre bron word die standaardwerke oor okkultgekweldes ook krities beoordeel.

Dit is belangrik om te meld dat die navorsing vanuit 'n diakoniologiese vertrekpunt gedoen is. Die diens (diakonia) van die Woord is die vertrekpunt in basisteoretiese vorming. Alhoewel Zerfass teologies binne die Praktiese Teologiese paradigma figureer, kies die navorser vir die gebruik van sy model binne 'n diakoniologiese vertrekpunt omdat die praktyk in hierdie model juis nie normatief en selfstandig in die vorming van 'n basisteorie gemaak

word nie. Die praktyk moet telkens weer aan die hand van die teologiese tradisie getoets word.

Zerfass se model opereer dan soos volg. Die kerk word met die probleem gekonfronteer dat 'n pastorale bediening aan okkultiesgekweldes nie basis-teoreties gestruktureer is nie. Die gebrek aan 'n gereformeerde model gee aanleiding tot die gebruikmaking van die charismatiese paradigma of die ontkenning van die bestaan van okkultisme (scenario 1). In die strukturering van 'n basisteorie moet die teologiese tradisie verdiskonteer word. Dit behels onder andere die dogmatiese beskouing oor die posisie, werk en vermoëns van die duiwel in die bedeling na die opstanding en hemelvaart van Christus. Ander aspekte soos die bestaan, aard en diagnose van duiwelbesetenheid en die onderskeid tussen besetenheid en binding moet epistemologies ook uitgeklaar word. In die interkasie tussen die teologiese tradisie en die uitdaging van scenario 1 kan die menswetenskappe ook ingespan word, terwyl 'n empiriese studie tot basis-teoretiese keuses bydrae. Sodoende word die interaksie tussen praktyk en teorie vrugbaar in die proses van teorievorming gemaak. Uit hierdie interkasie ontstaan 'n nuwe epistemologie en praktyk van pastorale begeleiding (scenario 2) wat dan weer dieselfde proses deurloop en tot 'n nuwe teorie kan lei.

Die navorsing fokus dan in bogenoemde proses op sewe poimenetiese modelle: die kerugmatiese model van Thurneysen (1963: 101-199, 274-283), die eduktiewe model van Hiltner (1958: 89-171, 187-250), die hulpverleningsmodel van Heitink (1977: 281-311), die noutetiese model van Adams (1970: 4-17; 78-104; 93-100), die pneumatologiese model van Rebel (1981: 13; 204-207; 218-220; 234-246), die holistiese groeimodel van Clinebell (1984: 25-28; 31-34; 52-55; 170-182; 349-393) asook die oorwinningsorgmodel van Louw (1993: 93 -236).

## 3. POIMENETIESE BEGINSELS

In die navorsing is die volgende beginsels vir die pastoraat aan okkultgekweldes vanuit die bogenoemde sewe poimenetiese modelle asook vanuit die ander poimenetiese vakliteratuur geïdentifiseer.

Sonder uitbreiding word kortweg die volgende beginsels geïdentifiseer.

- 'n Wetenskaplike benadering ten opsigte van diagnostiese kriteria (Louw 1993: 83-88, 90-93), veranderlikes en begripsbepalings (Theron 1994: 24-214) moet na vore gebring word as daar met okkultgekweldes gewerk word.
- 'n Holistiese antropologie moet die ses dimensies van heelheid (Clinebell 1984: 26-34) in berekening bring.
- Groei tot geloofsvolwassenheid (Louw 1993: 158-173) is die doelwit waarheen gewerk word. Overduin (1967: 45-54; 99-147) gee ook belangrike insigte in die verband. Groei- of ondersteuningsgroepe vir okkultgekwelde persone moet tot stand gebring word om hierdie persone verder te begelei. Louw (1984: 26), Hiltner (1958: 84, 116, 214-215), Gilbert en Brock (1985: 241) en Clinebell (1984) onderstreep groepsgeotiënteerde terapie.
- 'n Langtermyn rekonstruktiewe pastoraat en begeleiding volgens die holistiese groeimodel van Clinebell (1984: 260, 373-374, 380) word as strategie gestel.
- 'n Multi-professionele en -dissiplinêre spanbenadering vloei voort uit 'n holistiese antropologie. Dit word deur 'n langtermyn-rekonstruktiewe beraad met ondersteuningsgroepe gefasiliteer. Arnold (1982: 138-144; 146-148) het ekstensiewe aandag aan hierdie saak gegee.
- Die eskatologie, met klem op die promissio-karakter en die paranetiese aspekte, speel 'n belangrike rol. Volgens Louw (1984: 33-38) is 'n realistiese perspektief nodig, omdat hoop (Louw 1993: 464-465) en vermaning (Adams 1970: 55-56; 73-77) rigtinggewend is vir hulp aan okkultgekweldes. Die paraklese metafoor sluit ook hierby aan en is 'n praktiese implementering van die geloofsfeite (Firet 1974: 91-101; Gilbert en Brock 1985: 25-29).
- Die pneumatologie (Rebel 1981: 208, 224-225) vorm verder 'n baie belangrike deel van die vertrekpunt. Immers, dit is slegs die Heilige Gees wat die okkultgekwelde in staat kan stel om as nuwe mens voor God te leef. Maar ook vir die pastor het dit

konsekwensies. Binne die kragveld van die Heilige Gees ontvang die pastor die vrymoedigheid om die moeite- en spanningvolle pastorale pad voluit te kan loop.

- Vir die pastor is die rol en funksie van die pastorale gesprek (Thurneysen 1963: 115-130; Faber en Van Der Schoot 1962: 85-126) belangrik, omdat dit die aanknopingspunt en die ontmoetingsgebeure tussen God en mens is.
- Die korrekte Skrifbeskouing en -gebruik (Louw 1993: 376-393; Muller 1981: 11-12, 17-47) moet tydens die pastorale gesprek en intervensie verreken word.
- Die pastor is ook fasiliteerder van die okkultgekwelde (Heitink 1977: 284; 363, 367-370; De Klerk 1978: 22-24).
- Die funksie van die skuldpastoraat tydens die pastorale begeleiding word veral deur Louw (1993: 420, 425-428); Thurneysen (1963: 284-314 ) en Adams (1970: 105-127) na vore gebring.
- Die rol en funksie van gebed moet ook nie misken word nie, veral omdat die pastor en die okkultgekwelde in 'n geestelike stryd gewikkel is. (Louw 1993: 445-453; 455-456).
- Die terapeutiese moment en die rol van die geloof moet gelykwaardig verdiskonteer word (Thurneysen 1963: 179-199; Heitink 1977: 227-234; De Klerk 1978: 180-192).

# 4. BEDIENINGSWYSES EN BEGINSELS VIR DIE PASTORAAT AAN OKKULTGEKWELDES

## 4.1 Bedieningswyses

Vyf basiese benaderings kan onderskei word, naamlik die okkult-magiese, die sakramentele, die Pinkster-charismatiese, die psigo-patologiese en die kerugmatiese-heilbemiddelende benadering. Drie van hierdie benaderings kan as Christelike benaderings bestempel word terwyl 'n heidense en 'n metateoretiese benadering ook onderskei kan word (Smit 1992: 47-51; Jordaan 1988: 69-71).

Die okkult-magiese benadering kan as 'n heidense benadering bestempel word vanweë die feit dat iets religieus anders as Christus

gebruik word om die okkultgekwelde te bedien. Soms word die Naam van Christus as banningsformule gebruik, maar die erkenning van die gesag van Christus en die krag van die Woord van God word buite rekening gelaat. Ritueel en tegniek is aan die orde van die dag om die bose te verdryf en is aantreklik omdat dit voorgee om kitsoplossings te kan bied.

Die psigologiese siektebeeldbenadering wil egter na alternatiewe verklaringsmoontlikhede soek. Okkultgekweldheid word dan eerder aan patologie toegeskryf. Die humanistiese inslag en die neutrale standpunt verskaf ook probleme, veral as dit met die pastoraat versoen moet word. Daarom is dit ook duidelik dat daar 'n spanning tussen psigoterapie en pastorale teologie mag ontstaan. Die diepte-psigologie of parapsigologie sou ook in beide okkult-magiese en psigologiese siektebeeld- benaderings tuisgebring kon word: okkult-magies omdat die psigoloog ook in staat is om "eksorsisme" toe te pas en psigo-patologies vanweë die feit dat rasionele verklaringsmoontlikhede gesoek word en vanuit 'n immanent-materiële vertrekpunt geopereer word. Hierdie vertrekpunt verklaar egter nie die menslike psige nie en die terrein van die bonatuurlike word nie verreken nie.

Die sakramentalistiese en Pinkster-charismatiese bedieningswyses stem in 'n groot mate met mekaar ooreen, veral omdat beide van ritualistiese en metodologiese tegnieke gebruik maak wat weer by die okkult-magiese bedieningswyse ontleen is. Die mediese en psigologiese faktore wat 'n rol kan speel by okkultgekweldheid word meesal buite rekening gelaat of geïgnoreer. Bygeloof en suggestie speel 'n groot rol by beide hierdie benaderings. Dit is hoofsaaklik dan 'n geval van Christus plus nog iets anders om die geskikte resultate te verkry. Die Pinkster-charismatiese benadering kan gesien word as 'n verdere intensivering van die sakramentalistiese benadering wat werk met 'n teologie wat die mens aan God probeer gelykstel en wat die ***werk*** van die Heilige Gees oorbeklemtoon ten koste van die ***Persoon*** van die Heilige Gees. 'n Bedenklike Skrifgebruik en 'n eensydige klem op persoonlike belewing (ervaringsteologie) is ook tipiese kenmerke van dié benadering.

Die kerugmaties-heilsbemiddelende bediening kan as 'n meer behoudende gereformeerde benadering gesien word. 'n Langtermyn

bedieningsbenadering word egter nie altyd genoegsaam in hierdie bediening verdiskonteer nie. 'n Eiesoortige gereformeerde bediening aan okkulties-gekweldes toon inderdaad nog heelwat tekortkominge. Die doel van die navorsing is dan juis om in hierdie verband 'n bydrae te probeer maak deur tekortkominge reg te stel of leemtes aan te vul.

## 4.2 Beginsels

### 4.2.1 Die vertrekpunt

Enkele basiese veronderstellings maak deel van 'n gereformeerde bedieningsmodel uit:

- 'n *Multi-diagnostiese prosedure*, wat persoonlikheidstipes en simptomatologie van die okkultgekweldheid inkorporeer, moet deeglik verreken word. Dit sluit 'n een-dimensionele benadering, wat alles aan demoniese besetting of binding wil toeskryf, volledig uit (Montgomery 1976: 245, 249-250 en Frederickson 1988: 27-29).
- Die beklemtoning van die *soewereiniteit en die verbondsbeloftes van God, gefundeer in sy uitverkiesende genade*, moet as teologiese komponente deel van die multi-dissiplinêre benadering wees (Klopper 1986: 27-28, 34 en Parker 1993: 312-315).
- *Sola Scriptura* bly die vertrekpunt vir navorsing en hulpverlening aan okkultgekweldes (Leahy 1975: 138, 164 en Bendixen 1974: 19).
- Daar behoort *geen afsonderlike of gespesialiseerde "bediening van bevryding"* te wees nie (Du Toit 1990: 49-52, 62-63).
- Volgens 1 Kor. 12-14 lê die *pastor se toerusting* op 'n ander vlak as die charismata alleen (Van N Huisamen 1982: 59 en Peck 1988: 211-216, 229-232).
- *Voorkoming* van okkultgekweldheid moet deur gebalanseerde verspreiding van inligting voorkom word. Die inligting moet egter nie slegs oor okkultisme handel nie, maar moet veral ook op die trou, almag en genade van God in die stryd teen die bose konsentreer (Moriarty 1992: 6, 11-12, 23-35).

4.2.2 Die verkondigingselement

Die verkondigingselement veronderstel verskillende modi:

- *Kerugmaties*: die opstandingsoorwinning en die vryspraak in Jesus Christus moet met volharding aan die betrokke persoon verkondig word. Deur die genade van God word die okkulrgekwelde bevry omdat die genade van God groter as die skuld van die mens is. Die Woord word deur middel van gebed en die werking van die Heilige Gees as wapens in die stryd gekommunikeer (Thurmeysen 1963: 316).
- *Paraneties*: die pastorale sorg moet paraneties waarsku dat hulle wat betrokke raak, nie maklik met die okkultisme sal breek nie (Adams 1973: 126-131).
- *Parakleties*: Skuldpastoraat verbreek die mag van die bose. Pastorale sorg kan beskryf word as 'n stryd tussen God en die bose magte. Pasroraar is ernstig, geduldig, nugter en kalm. Dit wil bemoedig en binne die eskatologiese hoop promissio-terapeuties betrokke wees.
- *Holisties*: Die mens moer in die totaliteit van sy bestaan, bedien word (Brillenburg Wurth 1961: 108-113; Clinebell 1984: 26-27). Familie of naasbesraandes van die gekwelde behoort tydens die pastorale intervensie betrek te word (Moriarty 1992: 77-110). Daarbenewens is die koinoniale band met die gemeenre belangrik. In liefde, solidariteit en mer priesterlike voorbidding moet die okkultgekwelde in die srryd teen die magte van die duisternis bygestaan word.

4.2.3 Vereistes vir die pasror

- Die pastor moet oor die kennis en vaardigheid beskik om die beginsel van eliminasie toe te pas. Dit behels ondermeer die agtergrondsgeskiedenis en veranderlikes ten opsigte van die okkultgekweldheid (Hart 1991: 77-79).
- Skrifkennis, praktiese ervaring, psigiatriese kennis asook deeglike opleiding en toerusting is noodsaaklik vir die pastoraat aan okkultgekweldes.
- Die pastor moet 'n heilige lewenswandel en 'n diakonale afhanklikheid voor God uitleef. Die belang van die wapentusting

volgens Ef. 6: 10-20 in terme van geestelike strydvoering word onderstreep. Die aspekte van geloof, hoop, liefde, die werking van die Heilige Gees, asook die dissiplines van gebed (en in besondere omstandighede ook vas) is noodsaaklik vir die pastoraat aan okkultgekweldes.

### 4.2.4 Die pastorale proses

'n Differensiale diagnostiek hou met 'n holistiese antropologiese perspektief rekening. 'n Wetenskaplike vraelys en profilering van die okkultgekwelde word hierby geïnkorporeer.

(Clark 1994: 461-468 en Dickason 1987: 278-284). Die pastor werk in spanverband met multi-professionele dissiplines. Dit sluit egter nie die bediening van die Woord en gebed in die pastorale benadering uit nie, terwyl die bediening van skuldpastoraat (Trimp 1981: 26-28) en begeleiding tot geloofsekerheid pastorale doelwitte behoort te wees. Die samewerking van die okkultgekwelde is in hierdie totale proses onontbeerlik. Samewerking ontbreek egter juis by die aanvang van die pastorale proses en dit kom dikwels eers na 'n lang worsteling tot stand. Die einddoel van die samewerking sal wees om die okkultgekwelde tot bereidheid voor te berei om met die verlede te breek. Slegs 'n langtermyn rekonstruktiewe pastorale intervensie (Clinebell 1984) kan genoemde doelwitte fasiliteer.

### 4.2.5 Die nasorg aan okkultgekweldes

Rekonstruktiewe opbou van die Christelike lewe in terme van voortgaande bekering en heiligmaking, word in die vooruitsig gestel. Dit veronderstel geestelike groei tot geloofsvolwassenheid en 'n radikale breek met die verlede. Daarbenewens sal ondersteuning via 'n spesialiteitsgroep of multi-professionele samewerking onontbeerlik wees (Peck 1988: 216 -229 en Montgomery 1976: 306,323-324). Die okkultgekwelde moet egter ook persoonlike verantwoordelikheid tot groei in die geloof aanvaar. Dit sluit die geestelike dissipline van Bybellees en gebed in, terwyl klem op die wapenrusting (Ef. 6: 10-20) geplaas moet word (Van N Huisamen 1990: 82 en Jonker 1990: 202). Die okkultgekwelde se verbintenis tot 'n nuwe lewe in Christus kan ook bevestig word deur aanmelding tot diens en getuienislewering.

# 5. RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Empiriese navorsing via die Departement Sosiologie aan die UOVS is deur middel van twee vraelyste onderneem. Die doel van hierdie afdeling van die navorsing was om die persepsies en menings van leraars en lidmate rondom okkultgekweldheid te bepaal. Die volgende bevindinge is na aanleiding van hierdie ondersoek gemaak:

## 5.1 Die ervarings van lidmate wat deur 'n proses van bevryding was

- Okkultiese betrokkenheid en paranormale ervaringe is as rede vir die behoefte aan "bevryding" aangegee.
- Persepsies is geskep deur die lees van populêre boeke en artikels, maar ook deur die teologie van leraars, dat hardnekkige sondes tot okkultiese gebondenheid lei.
- Die meerderheid lidmate het geen sielkundige probleme gerapporteer nie.
- Suggestie het 'n groot rol gespeel in die diagnostiek van okkultgekweldheid.
- Sensasionele literatuur het 'n oorwegende rol gespeel in die persepsievorming oor okkulties-geïndukseerde binding of besetting. Die charismatiese paradigma het hierin prominent gefigureer.
- Bewuswording van okkultgekweldheid het nie via die psigiatriese dissipline plaasgevind nie.

## 5.2 Die begeleiding van okkultgekwelde lidmate

- Leraars en ander persone met 'n "bediening van bevryding" het die begeleiding behartig.
- Die meeste het 'n "positiewe" ervaring van "bevryding" gehad. Die diagnostiek het oorwegend informele vraagstelling behels en het gehandel oor die lidmaat se agtergrondinligting, geloofsekerheid en okkultiese betrokkenheid van naasbestaandes.

- Die sielkundige agtergrondsgeskiedenis het ook meer prominensie as die mediese agtergrond geniet. Dit was volgens okkultgekwelde lidmate duidelik dat 'n spanverband nog nie in die praktyk funksioneer nie.
- Tydens die proses van "bevryding" was die meeste lidmate nie by hulle volle bewussyn nie.
- Die meeste lidmate het 'n eenmalige "bevrydings-sessie" bygewoon, maar het die gebrek aan nasorg en 'n ondersteuningsnetwerk uitgewys.
- Daar is 'n dringende behoefte aan 'n langtermyn rekonstruktiewe nasorgprogram waarvan 'n ondersteuningsgroep vir okkultgekweldes 'n voorbeeld is.

# 6. BASISTEORETIESE VERTREKPUNTE

Die resultate van die situasie-analise (vergelyk die model van Zerfass) veroorsaak steuringe by die huidige problematiek, maar terselfderyd word nuwe praktykteoretiese impulse voortgebring. Hierdie resultate los egter nie al die probleme op nie, maar verskaf eerder relevante inligting aangaande die begeleiding aan okkultgekweldes.

Vervolgens word die resultate van die empiriese ondersoek en die beginsels vanuit die poimenetiese vakliteratuur, sowel as die gegewens vanuit die relevante vakliteratuur aangaande okkultgekweldheid gebruik om 'n basisteorie vir die pastoraat aan okkultgekweldes te formuleer.

## 6.1 'n Gereformeerde Teologie

Die pastoraat aan okkultgekweldes moet funksioneer vanuit 'n teologie van oorwinning. Dit behels die verkondiging van die opstandingsboodskap en die vryspraak in Jesus Christus. Daarmee saam moet die Sola Scriptura en Sola Fidei geld, soos wat dit in die Belydenisskrifte en die gereformeerde teologie neerslag vind. Wat laasgenoemde betref, is die Skrifgebruik en -beskouing van kardinale belang. Ander dogmatiese loci wat verreken moet word is die Godsbeskouing, die uitverkiesing, 'n holistiese antropologie, die

harmatologie, die verbond, die Christologie, die pneumatologie, die genademiddele, die kerk en die eskatologie.

## 6.2 'n Gereformeerde Poimeniek

'n Gereformeerd-pastorale benadering beskou bevryding as 'n genadedaad van die Drie-enige God. Tog is die pastoraat op 'n bi-polêre wyse in 'n stryd tussen die soewereine God en die bose magte gewikkel. Jesus bedien die vryspraak en bevryding van okkultgekweldheid deur middel van Sy kerk as liggaam van Christus.

Die pastor bedien die opstandingsoorwinning aan die gekwelde deur middel van 'n bediening van die Woord en gebed. Die uiteinde van die pastorale situasie is ook nie onseker nie. Op grond van die verbondsbeloftes en die geloof in die onwrikbare, magtige God, word die evangelie van die verlossing in Christus Jesus aan die okkultgekwelde verkondig. Daar is dus geen sprake van 'n afsonderlike bediening van bevryding nie. Die pastor het ook as herder van die gemeente van Christus die taak om die voorkoming van okkultgekweldheid te verkondig. Daarom moet die prediking en die kategese ook die verlossingsboodskap van Jesus Christus proklameer.

Die pastoraat aan okkultgekweldes moet gekenmerk word deur 'n wetenskaplik verantwoordbare diagnostiek. Dit behels die diagnostiese kriteria en simptomatologie van okkultgekweldheid. Die bediening moet by die pastorale gesprek begin. Die pastor moet voldoende toegerus wees om die okkultgekwelde as deel van die normale gemeentelike bediening te begelei. Die verlossingsboodskap van Jesus Christus word aan die okkultgekwelde bedien en die skuldpastoraat lei dan vervolgens tot heilsaanvaarding. Die pastor werk ook in spanverband met multi-professionele samewerking.

Die gereformeerde paradigma veronderstel 'n langtermyn rekonstruktiewe pastoraat. Die doelwit met hierdie pastoraat is groei na volwassenheid in Christus. Dit geskied in die konteks van die koinoniale band met die plaaslike gemeente. Die langtermyn bediening behels ook die inskakeling van die persoon by 'n groei- of ondersteuningsnetwerk. Die okkultgekwelde word sodoende ingelyf

by die gemeente van Christus en moet groei na geloofsvolwassenheid. Die gemeenskap van die gelowiges en die inskakeling by die plaaslike gemeente stel hom of haar in staat om die pad van langtermyn rekonstruktiewe nasorg en groei te loop.

## 6.3 'n Wetenskaplik-verantwoorde situasie-analise

Die empiriese studie het aan die lig gebring dat die charismatiese paradigma die leraarskorps gebombardeer het met 'n vreemde teologie en benadering rondom die pastoraat aan okkultgekweldes. Aangesien die gereformeerde tradisie nie die hantering van okkultgekweldheid kon fasiliteer nie, het leraars en lidmate noodgedwonge die charismatiese paradigma omhels om sodoende die problematiek te beredder. Teologiese konsepte soos "geestelike oorlogvoering", "bestraffing", "binding", "besetting" ensovoorts moes binne 'n reformatories epistemologie verwerk word en wetenskaplik verantwoord word. Sienings en persepsies is meestal geskoei op praktykondervinding en kennis vanuit charismatiese vakliteratuur. Hier is dus sprake van 'n konfrontasie tussen die teorie en die praktyk. Dit is duidelik dat daar weining sprake is van kennis vanuit 'n gereformeerde raamwerk oor okkultgekweldheid. Die teologiese kennis van 'n demonologie word nou getoets aan die praktykvoorkoms van okkultgekweldheid en die hantering daarvan.

Die hantering van okkultgekweldheid kan tweërlei beoordeel word. Enersyds is daar vrese en onkunde aangaande die pastorale hanterings terwyl daar andersyds 'n implementering van die charismatiese bedieningswyse na vore kom. Die navorsingshipoteses is deur die empiriese gegewens bevestig.

Die vakliteratuur en die empiriese data ondersteun die aanname dat die pastor nie oor 'n buitengewone gawe moet beskik om die okkultgekwelde te bedien nie. Die vakliteratuur en die empiriese data ondersteun ook die feit dat 'n aparte bediening van bevryding onnodig en onskrifuurlik is. Die vakliteratuur, gesteun deur die empiriese data, spreek ook die behoefte uit na 'n langtermyn rekonstruktiewe pastoraat aan okkultgekweldes.

# 7. PRAKTYKTEORETIESE SUGGESTIES

Hierdie basisteorie wil nie net 'n spreekbuis wees vanuit die gereformeerde vertrekpunt nie, maar wil ook in gesprek tree met ander benaderings en reformeer waar nodig. Dit handel dus oor die mees Skrifgetroue en wetenskaplik verantwoordbare pastorale hantering van okkultgekweldheid. Sonder voortdurende navorsing en herformulering versuim die kerk ook sy taak ten opsigte van hierdie delikate saak. Die uiteinde is steeds dat God Drie-enig hierdeur geëer sal word en dat sy koninkryk ook op hierdie wyse sal kom. Die tyd het aangebreek dat die gereformeerde teologie met sy sterk beklemtoning van die oorwinningsperspektief van Jesus Christus sy stem sal laat hoor ten opsigte van die pastoraat aan okkultgekweldes.

*SOLI DEO GLORIA!*

## BIBLIOGRAFIE

Adams J E
1970. *Competent to counsel*. Michigan: Baker.

Arnold W V
1982. *Introduction to pastoral care*. Philadelphia: Westminister.

Bendixen R
1974. *The Christian and the demon world.* Johannesburg: Triumphant times.

Brillenburg Wurth G
1955. *Christelijke sielsorg in het licht der moderne psychologie.* Kampen: J.H. Kok.

Clark C M
1994: Clinical assessment of adolescents involved in satanism. *Adolesence year* 29: 461-468.

Clinebell H J
1984. *Basic types of pastoral care and counseling*. Nashville: Abingdon.

De Klerk J J
1978. *Herderkunde*. Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

Dickson C F
1987. *Demon possession and the Christian*. Illinois: Crossway.

Du Toit P E
1990. *Bevryding van bose magte*. Port Elizabeth: President.

Faber H & E Van Der Schoot
1962. *Het pastorale gesprek*. Utrecht: Erven Bijleveld.

Firet J
1974. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden.* Kampen: J.H. Kok.

Frederickson B G
1988. *How to respond to satanism*. St. Louis: Concordia.

Gilbert M G & T T Brok (eds)
1985. *The Holy Spirit and counseling*. Massachusetts: Hendrikson.

Heitink G

1977. *Pastoraat als hulpverlening.* Kampen: J.H. Kok.

Hart A D

1991. Regeneration, deliverance or therapy? *Leadership* 12(3): 72-79.

Hiltner S

1958. *Pastoral counseling*. Nashville: Abingdon.

Jonker K

1991. *Satanisme*. Pretoria: Sigma.

Jordaan A

1988. "Ek gebied jou, gaan uit.": UNISA, Pretoria: Ongepubliseerde M Th-verhandeling.

Klopper C C

1986. Die missionêre bediening aan demonies besetenes: UOVS, Bloemfontein: Ongepubliseerde B Th-skripsie.

Klostermann F & R Zerfass

1974: *Praktische teologie heute*. München: Mainz.

Leahy F S

1975. *Satan cast out*. Edinburgh: Banner of truth.

Louw D J

1984. *Pastoraat in eskatologiese perspektief.* Stellenbosch: NG Kerk Uitgewers.

1993. *Pastoraat as ontmoeting*. Pretoria: RGN.

1993. Diagnostiese kriteria vir die evaluering van Satanisme in die pastorale bediening. *Praktiese Teologie in S.A.* 8(2): 83-94.

Montgomery J W (ed)

1976. *Demon Possession*. Minnesota: Bethany.

Moriarty A

1992. *The psychology of adolescent satanism*. Westport: Praeger.

Müller B A

1981. *Skrifgebruik in die pastoraat*. Stellenbosch: NG Kerk Uitgewers.

Overduin J
1967. *Worden als een man.* Wageningen: N.V. Gebr. Zomer en Keunings.

Parker J
1993. *At the heart of darkness.* London: Rider.

Rebel J J
1981. *Pastoraat in pneumatologisch perspektief.* Kamper: J.H. Kok.

Smit J H (red)
1992. *Die evangeliebediening aan demonies (okkult) gekweldes.* UV teologiese studies no.6. Bloemfontein: pro Christo.

Theron J P J
1994. 'n Kritiese bespreking van D.J. Louw se diagnostiese kriteria vir die evaluering van Satanisme in die pastorale bediening. Praktiese Teologie 9(2): 201-216.

Thurneysen E
1963. *A Theology of pastoral care.* Virginia: John Knox.

Trimp C
1981. *Media Vita.* Groningen: De Vuurbraak

Van N Huisamen E
1982. *Demoniese besetenheid.* Kaapstad: NG Kerkuitgewers.

Zerfass R & N Greindche
1974. *Einfürung in die praktische theologie.* Kaiser: Grünewald

**BYLAAG A**

# (i) Vraelys aan pastore/predikante vir die bediening aan okkultegekweldes

Slegs vir kantoorgebruik

1. WAT IS U HUIDIGE POSISIE?

| | |
|---|---|
| PASTOOR | |
| PREDIKANT | |

2. DUI AAN IN WATTER MATE U MET ELK VAN DIE VOLGENDE STELLINGS SAAMSTEM OF DAARVAN VERSKIL

| | Stem beslis saam | Stem saam | Stem nie saam nie | Stem beslis nie saam | Onseker |
|---|---|---|---|---|---|
| 2.1 Die duiwel is slegs 'n simbool van dit wat boos is. | | | | | |
| 2.2 Ook 'n Christen kan 'n demoon hê. | | | | | |
| 2.3 Geestelike Oorlogvoering is wanneer die Christen in 'n stryd teen Satan gewikkel is. | | | | | |
| 2.4 Die duiwel neem besit van iemand wanneer hy of sy volhard in sonde. | | | | | |
| 2.5 Die mediese dissiplines het niks met bevryding te make nie. | | | | | |
| 2.6 Geestelike Oorlogvoering is wanneer die Christen teen die magte van die duisternis te staan kom. | | | | | |
| 2.7 Besetting vind plaas wanneer 'n persoon homself doelbewus aan die duiwel oorgee. | | | | | |
| 2.8 Die duiwel is 'n anti-god. | | | | | |

- * Statistieke
- ^ Getal respondente

- 2 -

Slegs vir kantoor-gebruik

| | Stem beslis saam | Stem saam | Stem nie saam nie | Stem beslis nie saam | Onseker |
|---|---|---|---|---|---|
| 2.9 Die sielkundig-psigiatriese dissiplines kan 'n belangrike inset lewer ten opsigte van bevryding. | | | | | |
| 2.10 Die duiwel neem besit van iemand as hy of s 'n oop deur vir Satan laat. | | | | | |
| 2.11 Satan is 'n persoonlike mag. | | | | | |
| 2.12 Daar is nie so iets soos Geestelike Oorlogvoering nie. | | | | | |
| 2.13 Die maatskaplike werker lewer 'n noodsaaklike bydra tot 'n spanverband in 'n bevrydingssituasie. | | | | | |

3. HET IEMAND MET OKKULTIESE PROBLEME U AL GENADER OM HULP?

| | |
|---|---|
| JA | |
| NEE | |

4. INDIEN JA, HOE HANTEER U GEWOONLIK SO 'n PERSOON?

| | |
|---|---|
| Bedien u hom/haar self | |
| Verwys u hom/haar na iemand anders | |
| Vermy u die situasie | |
| Ander: Spesifiseer asseblief<br>.........................................<br>......................................... | |
| Kombinasie van 1 & 2 | |

5. INDIEN U AL MET 'n BEVRYDINGSSITUASIE TE DOEN GEHAD HET, HOE HET U TE WERK GEGAAN?

| | JA | NEE | GEEN |
|---|---|---|---|
| 5.1 Dit het van omstandighede tot omstandighede afgehang soos die Gees my lei. | | | |
| 5.2 Ek het van 'n formule of metode gebruik gemaak. | | | |

-3-

Slegs vir kantoorgebruik

| | JA | NEE |
|---|---|---|
| 5.3 Ek het in sommige gevalle self 'n bestraffing gedoen. | | |
| 5.4 Ek het die Woord aan die persoon verkondig en gebid. | | |
| 5.5 Ek het elke keer 'n bestraffing gedoen. | | |
| 5.6 Ek het telkens die persoon uitgevra oor sekere gewoontes en aktiwiteite. | | |

6. 'n PERSOON IS NA U MENING GEBIND WANNEER:

| | JA | NEE | GEEN |
|---|---|---|---|
| 6.1 'n Vloek oor hom of haar uitgespreek is. | | | |
| 6.2 Daar okkultiese voorwerpe in sy/haar woning is. | | | |
| 6.3 Die persoon volhard in sonde. | | | |
| 6.4 Die persoon okkulties betrokke was of is. | | | |

7. HOE SIEN U BEVRYDING?

| | JA | NEE | GEEN |
|---|---|---|---|
| 7.1 Is dit 'n aparte spesialiteits bediening? | | | |
| 7.2 Is dit deel van die normale gemeentelike bediening. | | | |
| 7.3 Daar is nie so iets soos 'n bediening van bevryding nie. | | | |

8. DOEN U BEVRYDINGSWERK IN SPANVERBAND?

| | |
|---|---|
| JA | |
| NEE | |
| NVT Doen nie bevrydingswerk nie | |
| Nie gemerk | |

9. INDIEN U WEL IN SPANVERBAND WERK, WIE MAAK GEWOONLIK DEEL VAN DIE SPAN UIT? SPESIFISEER ASSEBLIEF:

| |
|---|
| 1 = Medies, sielkunde, maatskaplik |
| 2 = Sielkunde |
| 5 = Predikant wat spesialiseer |
| 6 = Sielkunde, medies |
| 7 = Ander gelowiges |
| 8 = Ouers, onderwysers |

## (ii) Vraelys aan lidmate vir die bediening aan okkultegekweldes

Slegs vir kantoorgebruik

Die vraelys behoort u nie langer as 3 minute te neem om te voltooi nie:

1. WAAROM HET U NA U MENING BY IEMAND GAAN HULP SOEK VIR BEVRYDING?

| | JA | NEE |
|---|---|---|
| 1.1 Was u in die okkulte betrokke, bv. satanisme, spiritisme? | | |
| 1.2 Daar was geen betrokkenheid by die okkulte nie, maar bonatuurlike dinge het gebeur. | | |
| 1.3 Het u in hardnekkige sondes volhard? | | |
| 1.4 Het u met sielkundige probleme geworstel, bv. depressie of epilepsie? | | |

2. IS DIE GEDAGTE BY U GESKEP DAT U MOONTLIK OLLULTIES GEKWELD MAG WEES?

| | |
|---|---|
| JA | |
| NEE | |

3. HOE HET U TE WETE GEKOM VAN BEVRYDING?
(Merk meer as een moontlikheid)

| | JA | NEE |
|---|---|---|
| 3.1 Ek het boeke of artikels daaroor gelees. | | |
| 3.2 By my predikant/pastoor daarvan gehoor. | | |
| 3.3 'n Vriend of familielid het my daarvan vertel. | | |
| 3.4 By 'n sielkundige/psigiater daarvan gehoor. | | |
| 3.5 Ek het dit self ontdek. | | |

4. WIE HET NA U MENING DIE BEGELEIDING TOT DIE BEVRYDING GEDOEN?

| | |
|---|---|
| My pastoor/predikant | |
| Iemand anders met 'n bediening van bevryding | |

## (ii) Vraelys aan lidmate vir die bediening aan okkultegekweldes

Slegs vir kantoorgebruik

Die vraelys behoort u nie langer as 3 minute te neem om te voltooi nie:

1. WAAROM HET U NA U MENING BY IEMAND GAAN HULP SOEK VIR BEVRYDING?

| | JA | NEE |
|---|---|---|
| 1.1 Was u in die okkulte betrokke, bv. satanisme, spiritisme? | | |
| 1.2 Daar was geen betrokkenheid by die okkulte nie, maar bonatuurlike dinge het gebeur. | | |
| 1.3 Het u in hardnekkige sondes volhard? | | |
| 1.4 Het u met sielkundige probleme geworstel, bv. depressie of epilepsie? | | |

2. IS DIE GEDAGTE BY U GESKEP DAT U MOONTLIK OLLULTIES GEKWELD MAG WEES?

| | |
|---|---|
| JA | |
| NEE | |

3. HOE HET U TE WETE GEKOM VAN BEVRYDING?
(Merk meer as een moontlikheid)

| | JA | NEE |
|---|---|---|
| 3.1 Ek het boeke of artikels daaroor gelees. | | |
| 3.2 By my predikant/pastoor daarvan gehoor. | | |
| 3.3 'n Vriend of familielid het my daarvan vertel. | | |
| 3.4 By 'n sielkundige/psigiater daarvan gehoor. | | |
| 3.5 Ek het dit self ontdek. | | |

4. WIE HET NA U MENING DIE BEGELEIDING TOT DIE BEVRYDING GEDOEN?

| | |
|---|---|
| My pastoor/predikant | |
| Iemand anders met 'n bediening van bevryding | |

Slegs vir kantoorgebruik

5. WAS DIE ERVARING VAN DIE BEVRYDING:

| | |
|---|---|
| Positief | |
| Negatief | |
| Onseker | |

6. WATTER EEN VAN DIE VOLGENDE DRIE ERVARINGS BESKRYF NA U MENING U GEVOEL DIE BESTE (Merk slegs een asseblief)

| | |
|---|---|
| Ek het 'n ekstatiese gevoel gehad | |
| Ek het ' gevoel van vryheid gehad | |
| Ek het goed gevoel | |

7. HET DIE PERSOON WAT U GEHELP HET, 'n VRAELYS MET U DEURGEGAAN?

| | |
|---|---|
| JA | |
| NEE | |

8. INDIEN JA, WAAROOR HET DIE VRAE GEGAAN. NOEM ENKELE VOORBEELDE:

| | |
|---|---|
| Uitgevra oor verlede, geloofsekerheid en vriende | |
| Geestelike oorlogvoering maatreëls | |
| Geen | |

9. HET DIE BEGELEIER INGEGAAN OP:

| | JA | NEE | GEEN |
|---|---|---|---|
| 9.1 U mediese rekord? | | | |
| 9.2 U sielkundige agtergrond? | | | |

10. IS U UITEINDELIK DEUR 'n SPANVERBAND OF SLEGS DEUR DIE BEGELEIER GEHELP?

| | |
|---|---|
| Spanverband | |
| Net die begeleier | |

Slegs vir kantoorgebruik

11. WAS U NA U MENING BY U BEWUSSYN TYDENS DIE BEVRYDINGSSESSIE?

| | |
|---|---|
| JA | |
| NEE | |

12. HET U MEER AS EEN BEVRYDINGSERVARING GEHAD?

| | |
|---|---|
| JA | |
| NEE | |

13. INDIEN JA, HOE LANK HET DIE BEVRYDING GEDUUR VOORDAT U WEER GEBIND GEVOEL HET EN BEVRYDING GESOEK HET? **(Merk een van die volgende moontlikhede)**

13.1 Slegs 'n paar dae

13.2 Ongeveer 'n maand

13.3 Ongeveer drie maande

13.4 Ongeveer ses maande

13.5 Ongeveer 'n jaar

13.6 Langer as 'n jaar

14. HET U NA U (EERSTE OF ENIGSTE) BEVRYDING LANGTERMYN GEESTELIKE NASORG ONTVANG?

| | |
|---|---|
| JA | |
| NEE | |

15. IS U BY 'n ONDERSTEUNINGSGROEP VIR OKKULTGEKWELDES INGESKAKEL?

| | |
|---|---|
| JA | |
| NEE | |

- 4 -

Slegs vir kantoorgebruik

16. INDIEN U NOG IETS OOR U BEVRYDINGSERVARING WIL MEEDEEL, KAN U DIE OOP RUIMTE VIR KOMMENTAAR GEBRUIK:

| | |
|---|---|
| Alternatiewe begrippe vir okkulte: Toordery, binding | |
| besetenheid by ander persone vir bevryding | |
| Musiek invloed | |
| Geloofsekerheid, familie betrokke? | |
| Wat devryde persoon moet doen | |